

2 September

Skrifgedeelte: Markus 14:3-9

Fokusgedeelte: Markus 3:8(a)

Wat sy kon, het sy gedoen

Op 'n tyd het getuigskrifte nogal 'n belangrike plek ingeneem. Jy moes dit gee wanneer jy aansoek doen om 'n betrekking of soms deel wou word van 'n organisasie. So 'n getuigskrif gee iets weer van die persoon se leer en lewe.

Is dit nie wat ons in hierdie Skrifdeel kry nie? Eintlik is hier sprake van twee getuigskrifte. Die een kom uit die mond van mense en die ander uit die mond van Jesus. Die persoon oor wie hierdie getuienis gaan, is Maria (Joh 11:2). Sy het Jesus gesalf met egte, baie kosbare nardussalf. Na die mening van sommige mense was dit 'n verkwisting, omdat die salf vir meer as 300 pennings verkoop kon word en die geld aan die armes gegee kon word. Sy was dan juis nie gewild met dit wat sy gedoen het nie. Mense het teen haar uitgevaar. *Die getuienis van die mense was dat sy 'n verkwister is.*

Dan praat Jesus. Hy praat vir haar. Hy verdedig haar saak. Hy praat hard met die omstanders: "Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen" (14:6). Hierop volg sy getuigskrif van haar: "Wat sy kon, het sy gedoen." Wat 'n getuigskrif! Eerlik, diep en helder klink die woorde: "*Wat sy kon, het sy gedoen.*"

Dit laat ons nadink oor wat op die getuigskrif sal staan wat die Here aan ons gee oor ons verhouding met Hom. Hy is duidelik dat hierdie daad teenoor Hom verrig is. En jou lewe, waar staan jy? Inderdaad kan ons so baie geld op onnodige dinge verkwis, maar wanneer ons geld en tyd en dienswerk in die Here "verkwis", kan ons weet dat ons dit aan Hom gedoen het.

Wonderlik moes dit vir Maria gewees het om die woorde te hoor, en soos wat Jesus gemeld het, word daar vandag nog gepraat oor wat sy gedoen het. 'n Tydlose daad wat vandag nog warm op die agenda is. Ag, wat sal ons nie wil gee om so 'n getuigskrif waardig te wees nie?

Sing: Psalm 119:2 (Totius)

Ds MJ Smidt (Ficksburg)